BLANKE EKONOMIESE FORUM

Verandering deur Ekonomiese Krag

Dr W.F. Pienaar
Hoof Uitvoerende Beampte
+27 82 877 9972

www.blankeekonomieseforum.org
Posbus 1374, Montana Park, 0159

BRIEF 18 26/03/2007

Geagte Forumlede,

Sowaar al die 26ste! Dit is darem snaaks hoe tyd kan vlieg as mens besig is en hoe traag dit kan gaan as mens moet wag vir iets om te gebeur.

Ek gee graag terugvoer aangaande ‘n aantal sake.

TERUGVOER EN NUWE SAKE

1) Die vergaderings in die Wes-Kaap en Oos-Kaap het goed afgeloop. Die mense teenwoordig het onderneem om self ‘n sel in elke afdeling te stig wat self verder “kliënte” sal genereer. Laat ek ook sommer die idee van “kliënt” verduidelik. Die BEF is nie ‘n besigheid wat iets verkoop nie. Dit is ‘n volkspoging van ‘n volk deur ‘n volk tot voordeel van almal. Ons bemark dus nie, ons stel slegs bekend. Daarna is dit elke persoon se keuse om deel te neem al dan nie.

2) Ds. Reyno (sameroeper in die Mosselbaai omgewing) het ‘n aanmerking gemaak wat ek dink van waarde is. Dit het gegaan rondom die verskillende groeperinge, vakbonde, religieuse instellings en deelname aan ander groepe. Ds. Reyno het dit soos volg beskryf: “Hierdie is ‘n trein wat bekend is as die BEF. Hierdie trein gaan eersdaags vertrek. Klim op en gaan sit dan in die kajuit wat jou die beste pas. As die kajuit van ‘n sekere kerkgroep, politieke groep, vakbond, kulturele groep of watter groep ookal jou pas, maak jouself dan tuis in daardie kajuit, maar bly op die trein. Die trein kan eers vertrek as daar genoeg kajuite vol is, anders loop die trein op ‘n verlies.

3) Baie dankie aan die mense wat positief gereageer ten opsigte van my oproep tot finansiële bydraes. Ons inkomstes het goed gestyg. Hier kom egter belangrike gegewens wat ‘n groot verandering in die BEF se finansiële posisie gaan beteken: **Die maatskappyname is nou finaal goedgekeur. Maatskappy registrasies sal binnekort afgehandel wees en aandele sertifikate sal dan uitgereik word. Ek soek dus hoogs geskoolde finansiële kundiges om die besluite te neem aangaande goeie beleggings. Ek kan nie alleen besluite neem met die volk se geld nie. Kontak my asb. dringend indien u in hierdie kategorie val sodat ons ‘n vergadering kan belê. (Pine 0828779972).** Daar is tans ongeveer R40 000-00 in die aandele rekening en dit groei daagliks. Die name wat goedgekeur is, is soos volg:

   Vir die winsgewende maatskappy: **Witlelie Ekonomiese Ontwikkelings Bpk**.
   Vir die nie-winsgewende maatskappy: **Witlelie Sosiale Ontwikkelings ing**.

   Ons moes beskrywende name voorlê om die maatskappyname goedgekeur te kry.

4) Ek probeer die kostes baie inkort aangesien ons stadiger groei as wat ek gehoop het. Ek sal dus noodwendig op mense moet besnoei totdat ons ekonomies sterk is. Ek soek dus werk vir 2 personeellede wat albei op bestuursvlak opereer, in die tegniese, telekommunikasie en opleidingsveld. Hulle verdien albei in die R20 000-00 omgewing en wil verkieslik in die Pretoria omgewing werk. Iemand wat kan help kontak my asb – al is dit tydelike poste totdat ons hulle kan terugtrek.

   Moet asb nie dink ek is besig om die Forum toe te maak nie. Ek bestuur net die uitgawes beter totdat meer mense saamspeel, wat noodwendig sal gebeur wanneer ons die eerste suksesse uitrol.

5) NOU DIE GROTE

Hier het ‘n geleentheid gekom wat so groot is dat dit amper ondenkbaar is om te glo. Dis ‘n geval van as dit werk, sal nie een van die beleggers of die Forum of die blanke nasie ooit weer terugkyk nie. Die maatskappy bied ons tien persent aandele aan teen R2m. Ongelukkig kan ek nie vir u besonderhede gee nie. Persone wat belangstel kan my persoonlik kontak by 082 877 9972. Ons sal dan ‘n vergadering en demonstrasie reël. Enige betalende lid kan deelneem. Verstaan egter asb. duidelik dat die keuse om deel te neem al dan nie, by elke persoon berus en word nie aanbeveel of weggewys deur die Forum nie.

6) Nog ‘n baie goeie een wat ons kant toe gekom het, is die volgende: Sanlam bied huisverbande aan teen 2,45% onder die prima koers. Hulle neem ook bestaande verbande oor. Deur ons kontak is daar ‘n 0,5% terugskop na die Forum se kant toe. Dit kan vir ons ‘n groot finansiële voordeel inhou. Belangstellendes kan my gerus kontak. Weereens is die aanbod slegs vir betalende lede.

.

7) Wiesi Ficher het ‘n erf in die Vaaloewer kompleks wat sy teen ‘n winskoop beskikbaar stel aan ons lede. Belangstellendes kontak haar asb. by 084 605 4555.

8) Daar is tans ‘n advertensie wat via die epos die rondte doen en wat aanvanklik in die Volksblad verskyn het. Ek verwys na die advertensie van ‘n persoon wat so twee dekades gelede baie in die nuus was. Hy hou dieselfde dinge voor waarvoor ons staan. Baie duidelik sien hy hier is ‘n resep wat gaan werk. Ons het hulle geskakel en was nog meer verbaas om te hoor die aandeelprys is eintlik R10-00 per aandeel maar as ons nou R30 000-00 belê kan ons aandele teen R1-00 per aandeel bekom. Hy het kwansuis reeds 15000 lede. Wees asb versigtig forumlede – nie alle pogings is eerlik en opreg bedoel nie en die winsmotief laat baie mense baie vreemde dinge doen. (Hierdie poging is nogal snaaks en ironies aangesien so baie mense my nóú al beskuldig het dat ek Adriaan Niewoudt is.)

9) Ek het besluit om een groep per brief te teiken vir voordele aan Forum lede. Hierdie brief fokus op akkommodasie aangesien die Paasnaweek om die draai is. Dus:

   Ek nooi almal wat gastehuise en enige ander vorm van akkommodasie het om u gegewens aan my deur te stuur. Ons versoek:

   a) Afslag aan ons lede.
   b) Dat die akkommodasie eienaar aan die Forum moet behoort (R20-00 per maand).
   c) Skoon, netjiese verblyf regdeur die jaar waar ons lede rustig en veilig kan ontspan teen billike pryse.
   d) Bevestiging met ons dat die persoon wat die akkommodasie wil huur wel ‘n betalende lid is voordat die afslag aan hom/haar toegeken word.
   e) Die plek moet aan blankes behoort.

Ek sal al hierdie inligting saamstel en aan ons betalende lede deurstuur. Die korting op verblyf sal na alle waarskynlikheid vir die hele jaar se ledegeld vergoed en hierdie is maar net die begin. In die volgende brief fokus ons op restaurante. Natuurlik sal ons vereis dat daar ten minste 30% blanke kelners is voordat ons sal aanbeveel dat ons lede so ‘n plek ondersteun.

Op hierdie manier gaan ons ‘n databasis opbou van blanke ondernemings wat deur blankes ondersteun word teen ‘n baie goeie prys. Hierdie databasis gaan nie op internet geplaas word nie maar slegs aan betalende lede beskikbaar gestel word.

Die volgende stap is massa aankope. Kom ons doen ‘n toetslopie: **Ek nooi sommer nou al die wyn produsente uit om te kwoteer vir aankope van 20 000 bottels goeie rooiwyn.** Indien ons dit teen ‘n groot afslag kan kry praat ons besigheid. Die forum se voordeel? Veronderstel ons kan 30% afslag kry – dan gee ons 25% deur aan forumlede en 5% word in die sosiale rekening gestort. As hierdie proeflopie goed werk kan ons baie items teen baie goeie pryse vir die forumlede aankoop.

10) Ons het verskeie mense gehelp met studiefondse maar nou het ons het uit fondse gehardloop. Hou asb bietjie vas met nuwe aansoeke totdat ons weer fondse gegenereer het.

11) Kontak asb vir Mientjie indien u vervoer vanaf die lughawe of enige ander plek benodig. Hulle bied ‘n hele reeks dienste aan. Hulle is ‘n blanke paar wat veilige vervoer en goeie pryse aan ons lede beskikbaar stel. Kontak nommer: 012 804 9197.

12) Hier is ‘n lekker een: Sampie Sandenberg van Solidariteit soek dringend ‘n hele reeks ambagsmanne. Hy het vakatures beskikbaar. Kontak hom asb by 044 606-6157 of 082 351 4710.

13) Twee vakante poste vir ambagsmanne is beskikbaar by ‘n medium grootte firma geleë te Modderfontein, Kemptonpark. Skakel vir Eben Louw by 082 926 5659.

1. Elektrisiën of Millwright met elektriese ondervinding. Nuwe elektriese installasies, roetine onderhoud, modifikasies ens.

2. Passer/ Passer en Draaier. Roetine onderhoud, nuwe installasies, pypwerk, pompe ens.

14) Ben Groenewald het ‘n oulike boek geskryf: “Instant Guide to Short Term Insurance” Hy bied dit teen 10% afslag aan ons betalende lede. Kontak hom asb by 083 266 5494.

15) Kontak Jacques by 082 457 0861 indien u belangstel om deeltyds of voltyds ‘n ekstra inkomste te verdien deur die verkoop van velsorg produkte. Daar is ook geleentheid om u eie besigheid te begin. (Net PTA omgewing)

16) Mauritz van den Heever het ‘n groot aksie teen die Stadsraad van PTA begin m.b.t. foutiewe water-en-ligte rekeninge. As daar mense is wat saam met hom wil voortdryf aan hierdie aksie – kontak hom asb by 012-332 4309 .

17) **NOG TWEE GROTES**

Ons het ‘n groot openbare vergadering wat afsluit met ‘n braai met voorgereg, hoofgereg en nagereg (sien hieronder vir nadere besonderhede). ‘n Derde van die fondse wat met die kaartjie verkope gegenereer word, gaan aan ‘n liefdadigheidsorganisasie geskenk word. Kaartjies beloop R120-00 per persoon wat alles insluit. Dit gaan plaasvind by Romano en Carla van der Spuy se bosveldlandgoed, Zoetendal, op die 21ste April 2007. Die funksie begin 11h30 vir 12h00. Ons hoop om Steve Hofmeyr daar te kry. Peter Thomas- SA se potjiekoskoning gaan daar wees. Belangstellendes vir hierdie funksie en vir die een hieronder, kontak asb vir Anastasia Theron by 073 059 4342.

Die tweede grote is **ons amptelike bekendstelling** wat later aangekondig sal word.

Ek moet nou hardloop want vanaand het ons ‘n vergadering in Vereeniging.

Ek wens u ‘n wonderlike tydperk toe.
Beste groete
Pine.

Sosiale Funksie

Datum : 21/04/2007
Tyd : 11h30 vir 12h00
Plek : In die bosveld atmosfeer van Zoetendal in die Pelindaba vallei, 20 kilometer buite Pretoria.
012 371 9256
RSVP : 17/04/2007 – Anastasia Theron 073 059 43 42 anastasia@blankeekonomieseforum.org

Spyskaart – Romano se fantastiese Lam op die kole

Ons begin met ‘n keuse van Portugese rolletjies, Potbrood & Knoffelbrood

Slaaie: Griekse slaai
Duitse aartappelslaai
Wonderlike waatlemoenslaai

Gevolg deur: Lamtjops
Boerewors & Hoenderkebabs
Tradisionele Krummelpap met eg Suid Afrikaanse tamatie-uie-sous

Dit sluit af met: Appeltert en vla met heerlike koffie en tee